Hierdie goedkeuring is onderworpe aan die subsidievoorwaardes soos voorgeskryf by regulasie 6 van Deel II van die regulasies wat kragtens genoemde Wet uitgevaardig is, en aan dié diensvoorwaardes en dié regulasies wat die Departement van Kleurlingsake van tyd tot tyd met betrekking tot die personeel aan goedgekeurde uniale spesiale skole mag uitvaardig.

This approval is subject to the conditions of subsidy prescribed in regulation 6, Part II of the regulations promulgated under the said Act, and to such conditions of service and such regulations regarding the staff at approved Union Special Schools as the Department of Coloured Affairs may prescribe or promulgate from time to time.

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. 152.] [2 Februarie 1962.

### PROKLAMERING VAN 'N GEDENKWAARDIGHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934), soos gewysig, proklameer ek hierby die Eerste Huis, Port Elizabeth, as 'n gedenkwaardigheid.

BESKRYWING.

Eerste Huis, Port Elizabeth.—'n Sekere gedeelte vryerfgrond, geleë in die munisipale gebied van die stad Port Elizabeth, Afdeling Port Elizabeth, binne die Garnisoenterrein, t.w. die perseel gemerk No. 9 (tans bekend as Erf No. 3987, Port Elizabeth Sentraal).

HISTORIESE BELANG.

Die huis, Castle Hill No. 7, is in 1825 vir Eerw. Francis McCleland, die eerste Koloniale Kapelaan in Port Elizabeth gebou. Dit is 'n goeie voorbeeld van die vroeë 19de-eeuse dorpshuis in die Oostelike Provinsie. Dit is een van die eerste stewige geboue wat in Algoabaai opgerig is en is blykbaar die oudste woonhuis.

J. DE KLERK,
Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

## DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. 152.] [2 February 1962.

### PROCLAMATION OF A MONUMENT.

By virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *eight* of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (Act No. 4 of 1934), as amended, I hereby proclaim to be a monument the First House, Port Elizabeth.

DESCRIPTION.

First House, Port Elizabeth.—Certain piece of freehold land situate in the Municipality of the City of Port Elizabeth, Division of Port Elizabeth, within the limits of the Garrison Ground, being the Lot marked No. 19 (now known as Erf No. 3987, Port Elizabeth Central).

HISTORICAL INTEREST.

The house, No. 7 Castle Hill, was built in 1825 for the Rev. Francis McCleland, first Colonial Chaplain in Port Elizabeth. It is an excellent example of early 19th century town houses in the Eastern Province. It is among the earliest substantial buildings to be erected at Algoa Bay and is evidently the oldest dwelling.

J. DE KLERK,
Minister of Education, Arts and Science.

No. 156.] [2 Februarie 1962.

### BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—INSKRYWINGS.

Onderstaande inskrywings is, volgens subartikel (3) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), in die register gemaak:—

H2/1/602.—Die wapen van die Universiteit van Natal, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 787 van 29 September 1961.

H2/1/1251.—Die naam, spesiale naam en wapen van Die Personeelvereniging van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 745 van 22 September 1961.

H2/1/1301.—Die naam en uniform van die Theunissenhoërskool, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 744 van 22 September 1961.

H2/1/1357.—Die naam en wapen van die Suid-Transvaalse Ringtennis-unie, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 743 van 22 September 1961, gelees met Goewermentskennisgewing No. 40 van 12 Januarie 1962.

H2/1/1425.—Die naam en wapen van die Hoër Handelskool, Belgravia, Johannesburg, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 786 van 29 September 1961.

H2/1/1448.—Die naam en uniform van die Florida-Afrikaansmediumhoërskool, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 746 van 22 September 1961.

No. 156.] [2 February 1962.

### PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935 (ACT No. 23 OF 1935).—REGISTRATIONS.

The following registrations have been made in terms of sub-section (3) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935):—

H2/1/602.—The badge of the University of Natal, as published by Government Notice No. 787 of 29th September, 1961.

H2/1/1251.—The name, special name and badge of Die Personeelvereniging van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging, as published by Government Notice No. 745 of 22nd September, 1961.

H2/1/1301.—The name and uniform of the Theunissen High School, as published by Government Notice No. 744 of 22nd September, 1961.

H2/1/1357.—The name and badge of the Suid-Transvaalse Ringtennis-unie, as published by Government Notice No. 743 of 22nd September, 1961, read with Government Notice No. 40 of 12th January, 1962.

H2/1/1425.—The name and badge of the Commercial High School, Belgravia, Johannesburg, as published by Government Notice No. 786 of 29th September, 1961.

H2/1/1448.—The name and uniform of the Florida Afrikaans Medium High School, as published by Government Notice No. 746 of 22nd September, 1961.